

FROM THE EDITOR

A new format

The publication of *Scriptura 6* marks not only the completion of the second set of 3 issues, but also the change to a different format. Rising costs forced the editorial committee to consider alternative production methods. The new format will not only mean a saving in production and postage - we hope that our readers will find it more readable and easier to handle. We would like to receive your comments - positive or negative - on this change.

In this issue

Scriptura 6 opens with a contribution by Professor Herbert Donner of the University of Kiel, in which he addresses the difficult (and in some circles sensitive) issue of the Old Testament as Holy Scripture for the Jews and for Christianity. His frank and penetrating analysis will no doubt clarify many of the still clouded aspects of this question. We are grateful to him for making this material available to *Scriptura* and thereby enabling us to extend the effect of his visit to this country during 1981 in a more permanent form.

Pieter de Villiers investigates the service of the believer and its unique nature in Luke's writings. He offers an analysis of Lk 6:26-36 and discusses the Hellenistic concept of the endangered benefactor in its relationship to Luke's christology, with special reference to Lk 22:15ff.

REDAKSIONEEL

'n Nuwe formaat

Scriptura 6 sluit nie alleen die tweede eenheid van drie uitgawes af nie, maar beteken ook die oorgang na 'n nuwe formaat vir die tydskrif. Koste-stygings het die redaksie gedwing om alternatiewe te oorweeg wat ook die versending sal vergemaklik. Die resultaat is 'n formaat wat meer hanteerbaar is en hopelik ook in die smaak van ons lesers sal val.

In hierdie uitgawe

Professor Herbert Donner van Kiel is gedurende 1981 as gas na Suid-Afrika genooi en ons publiseer graag een van die lesings wat hy tydens sy besoek gelewer het. Die kwessie van die Ou Testament as Heilige Skrif vir sowel Jode as Christene is 'n lastige vraagstuk wat veral in Duitsland tans weer aan die orde is. Professor Donner gee 'n verhelderende analise van die vrae wat hierter sake is en gee ten slotte sy eie siening daaroor.

Pieter de Villiers ondersoek die diens-motief in die Lukas-geskrifte aan die hand van 'n analise van veral Lk 6:26-36 en bespreek die verhouding tussen die Hellenistiese konsep van die bedreigde waldoener en Lukas se eie christologie, met spesiale verwysing na Lk 22:15 vv.

The position of Biblical Studies and Religious Instruction in schools has been very much in the news lately. Two contributions in this issue deal with related aspects of the ongoing debate. Johann Kinghorn is concerned with the identity of Biblical Studies vis-à-vis ecclesiastical theology and offers a new proposal for the division of labour in this field. Kobus Kotze discusses various approaches to Biblical Instruction and redefines the aims for teaching this subject in schools.

In our regular homiletical feature, Bethel Müller analyses the epilogue of *Revelations* and argues that it contains the key to the message of the book as a whole, thereby opening up new perspectives on the homiletical possibilities of this section.

The publication of J A Heyns's new book on ethics earlier this year marked another "first" of this productive author. Ettienne de Villiers gives a critical assessment of the book in an extended review.

Scriptura 7

The next issue of *Scriptura* will be devoted to an analysis by David J Clark of India and J de Waard of the Netherlands of the structure of Matthew.

Die posisie van Bybelkunde en Godsdiensonderrig op skool was onlangs voorbladnuus. Twee artikels in hierdie uitgawe behandel aspekte van hierdie probleem. Johann Kinghorn behandel die identiteit van Bybelkunde vis-à-vis kerklike teologie in die huidige Suid-Afrikaanse opset en kom ten slotte met 'n interessante voorstel oor 'n nuwe werksverdeling. Kobus Kotze bespreek verskillende konsepte wat by Godsdiensonderrig op skool bepalend vir die doelstelling van die vak is om daarna die elemente vas te stel wat vir 'n eie Godsdiensonderrigkonsep deurslaggewend behoort te wees.

In ons gereelde rubriek vir eksegetiese en homiletiese bydraes, analyseer Bethel Müller die epiloog van *Openbaring* wat hy as die sleutel vir die verstaan van die boek as geheel beskou en ontwikkel hy die homiletiese moontlikhede van hierdie perikoop.

Die verskyning van die eerste deel van professor Johan Heyns se nuwe inleiding in die etiek is 'n belangrike gebeurtenis op die gebied van teologiese literatuur in Afrikaans. Ettienne de Villiers skryf 'n uitvoerige resensie waarin hy die werk aan ons lezers voorstel en tot 'n voorlopige waardebepaling kom.

Scriptura 7

Die volgende uitgawe van *Scriptura* word gewy aan 'n analise van die struktuur van die Mattheus-evangelie deur twee buiteelandse navorsers op die gebied van Bybelvertaling, nl David Clark van Indië en J de Waard van Nederland.